

ONS MIDDELBARE SKOOLSTELSEL

EN DIE

AKSENTUASIE IN DIE

LEERPLAN-INHOUD

VIR DUIDS AS DERDE TAAL.

deur

J.J.FOURIE, B.A., M.Ed.

Proefskrif ter verkryging van die graad

Doctor Educationis

van die Universiteit van Suid-Afrika.

Potchefstroomse Universiteitskollege vir

Christelike Hoër Onderwys.

1950.

Promotor: Prof.Dr. J. Chris. Coetzee.

ERKENNING EN TOEWYDING.

Dit sou 'n onbegonne taak wees om die name van almal te probeer noem wat my in hierdie ondersoeke met raad en daad bygestaan het, omdat ek veel onverdiende hulp en blyke van opregte belangstelling ontvang het wat met waardering onthou sal word. Tog moet ek hier na enkele persone en liggame verwys aan wie my besondere erkenning toekom.

In die eerste plek wil ek my dank betuig aan my promotor, Prof. Dr. J. Chris. Coetzee van die P.U.K. vir C.H.O., vir sy suiwere tereg wysings, simpatieke en besielende leiding, en die groot invloed wat sy diepere insig, metodiese gees, aansteeklike werkywer en sy hele persoonlikheid op my werk en lewe gehad het. Dit was vir my meer as 'n voorreg om onder hom te werk; daarom voel ek dit as 'n leemte aan dat hierdie opvoedende kontak tans vir my beëindig moet word met die voltooiing van die werk.

Dan wil ek ook my erkentlikheid betuig aan...

- (i) ons provinsiale Onderwysdepartemente, Onderwyskole, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, en die Registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika vir al die ondersteuning wat hul my verleen het by wyse van antwoorde op navrae en andersins, en die vergunning om hul leerplanne en die inhoud van ou vraestelle in Duits in hierdie proefskrif op te neem;
- (ii) die Nasionale Buro vir Maatskaplike en Opvoedkundige Navorsing deur wie se vriendelike medewerking ek in besit van sekere gegewens gekom het waartoe ek andersins geen toegang sou verkry het nie;
- (iii) verskeie medewerkers in die buiteland wat geen moeite en koste ontsien het om my van die nodige inligting en verlangde stukke soos eksamenvraestelle, leerplanne, handboeke, en so meer te voorsien nie;
- (iv) 'n groot aantal kollegas in ons land wat enige jare gelede die vraelys vir my M.Ed.-navorsing voltooi het waarna daar in hierdie werk weer verwys word, en op wie se

belangstelling en medewerking ek weer nie tevergeefs gereken het vir die voortsetting van hierdie navorsing nie;

(v) lede van my personeel wat hul welwillende belangstelling op tasbare wyse getoon het, veral Mnr. P.D. Venter wat uit eie vrye beweging die grootste gedeelte van die afrolwerk onderneem het, en Mnr. P.D. Greeff wat met die proeflesings behulpsaam was;

(vi) een van my vroeëre skoolhoofde, Dr. C.F. Gunter van die Hoërskool De Aar, wat my enige jare gelede geïnspireer het om met verdere studie en hierdie reeks navorsings te begin;

(vii) die groot skare leerlinge wat deur die jare in my klasse gesit het, wie se agting en liefde, probleme, en strewe om die geheim van 'n ryker lewe te vind, vir my die toewyding aan 'n lewenstaak aangewys het; en - laaste maar nie die minste nie - aan

(viii) my eggenote en kind vir al hul opoffering (stoflik en geestelik), liefdevolle belangstelling en besieling.

.....

Ek het hierdie werk saamgestel met toewyding aan die groot saak van die opvoeding en aan die duisende leerlinge in ons land vir wie ons as opvoeders 'n gelukkiger weg van die lewe moet help soek.

J.J. Fourie.

Ventersburg,
Oktober 1950.

I N H O U D S O P G A W E .

(Lys van Tabelle) Bl. (10)

Inleiding en Probleem-omskrywing 11

1. Veldsverruiming by 'n voortgesette navorsing 11

2. Noodsaaklikheid van die ondersoekinge teen 'n historiese agtergrond gesien 13

(a) Die algemene veld van die middelbare onderwys 13

(b) Die besondere veld in verband met die onderwys van Duits 15

3. Aard, Strekking en Omvang van ondersoekinge in spesifieke terme gestel 19

AFDELING A: HISTORIESE EN ALGEMEEN-OPVOEDKUNDIGE AGTERGROND..... 21

Hoofstuk I: Beknopte Oorsig van die Ontwikkeling van Middelbare Onderwys in Suid-Afrika .. 22

1. Omskrywing en Beperking van die veld in terme van die Taakbepaling 22

2. 'n Onsekere begin: Aanhangsel van die Laer Onderwys tydens en onmiddellik na die Hollandse bewind, en van die Hoër Onderwys in die 19e eeu 24

3. Standaardisering van die Onderwys in die 19e eeu 32

4. Skeiding van Middelbare en Hoër Onderwys.... 36

5. Breë oorsig van die ontwikkeling van die middelbare onderwys in die 20ste eeu (Akademiese rigting) 38

6. Nie-akademiese middelbare onderwys 44

7. Differensiasie en Vernuwing in die middelbare onderwys 48

8. Invloed van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (G.M.R.), en die stryd van die middelbare skool teen Universitêre Oorheersing ... 52

9. Die Houvasvermoë van die middelbare skool en die Universiteit 57

Hoofstuk II: Die Ontwikkeling van die Leerplan vir die Middelbare Skool (Algemeen) 60

1. Die Kernprobleem van die middelbare onderwys 60

2. Drie rigtings en twee strominge 60

3. Koppeling aan die laer onderwys en 'n onvas-te begin 61

4. Koppeling aan hoër onderwys en die

Matesis-Latyn-tradisie	62
5. Die basis van al ons leerplanne, en die stryd om die leerplanvryheid en selfstendigwording van die middelbare skool	68
<u>Hoofstuk III: Die Ontwikkeling van Duits-onderwys op die Middelbare Skool</u>	<u>80</u>
1. Toespitsing	80
2. Lewensvatbaarheid in sy historiese verband....	80
3. Die ontwikkeling van die leerplan vir Duits as derde taal	86
4. Die leerplan en die onderwysmetode.....	92
5. Die klassieke tradisie, onsekerheid en rigtingloosheid	94
<u>Hoofstuk IV: Samevatting en Toeligting van Bevindinge in verband met onlangse navorsing na die Doelstelling vir Duits-onderwys.....</u>	<u>98</u>
1. Bronne: Vorige Navorsing en Variasie	98
2. Formulering van die Algemene Doel van die Opvoeding	98
3. Die rol van Taalonderwys in die algemeen in terme van die geformuleerde opvoedkundige doelstelling	100
4. Vraelys-bevindinge in sake die waarde van die onderwys van vreemde tale in Amerika	102
5. Dwaalweë, onsekerheid en rigtingloosheid ten opsigte van die Doelstelling vir Duits-onderwys in Suid-Afrika	104
6. Eksklusiewe en toevallige doelstellings vir Duits-onderwys in Suid-Afrika	110
7. Die behoefte aan 'n universele doelstelling, en die belangrikheid van lees en begrip as primêre onmiddellike doelstelling	116
8. Die algemeen-kulturele doel as universele uiteindelijke doelstelling	119
9. Praktiese implikasies	125
<u>AFDELING B: 'N KRITIESE STUDIE VAN DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE IN VERBAND MET DUIITS-ONDERWYS IN SUID-AFRIKA.....</u>	<u>128</u>
<u>Hoofstuk V: Kritiese Ontleding van ons Duits-leerplanne in die lig van die geformuleerde Doelstelling en ander belangrike norme.....</u>	<u>129</u>
1. Die soeklig op die leerplan in die kringloop van die doel en die middele	129
2. Breë omlýning van die algemene gees en strekking van die leerplanne (Nie-kritiese beskouing)	129
3. Kritiese ontleding van die leerplanne in verband met die vereistes van die doelstelling...	139

4. Kritiese ontleding van die leerplanne in verband met die vereistes van die taalpsigologie. 168
5. Van die onderdele na die geheel-indruk: leemtes en tekortkominge van 'n algemene aard 183
 - (a) Te veel doelstellings 183
 - (b) Leerplanne te omvattend 185
 - (c) Vermiste skakels en die gebrek aan stelselmatigheid en differensiasie 187
 - (d) Vae leerplan-aanduidings en die gevaar van die eksamenspook 188
6. Beskuldigings aan die verkeerde adres in 'n eksamen-oorheersde leerplanbedeling 191

Hoofstuk VI: Die Vertolking van die Duits-leerplan in ons Openbare Eksamens - 'n Kritiese Ontleding..... 194

1. Die oorsaaklike verband tussen die leerplan en die eksamen 194
2. Beperkende faktore by 'n kritiese ontleding van ons eksamenvraestelle 194
 - (a) Meting en die meetgereedskap 194
 - (b) Eksamentegnieke en die geheimhouding van statistiese metodes 195
 - (c) Die gebruikswaarde en verskyningskrediete van woorde; waarde en beperkings van die gebruikelike lyste 196
 - (d) Uitgangspunt vir die woordetoets aan die hand van (c) 201
3. Kritiese ontleding van eksamenvraestelle: Vereiste aktiewe herroepings-tipe woordeskatbeheersing..... 202
4. Kritiese ontleding van eksamenvraestelle: Vereiste passiewe herkennings-tipe woordeskat en uitdrukkingsvorme 211
5. Kritiese ontleding van eksamenvraestelle: Taalkunde-afdeling 219
6. Opsomming van bespreekte beginsels na aanleiding van een van die jongste vraestelle..... 232

Hoofstuk VII: Lewensvatbaarheid teen die Agtergrond van die heersende praktyke 239

1. Eksamenstatistieke 239
2. Die fasiliteite vir Duits-onderwys, en die keusevakke teenoor Duits 242
3. Oor-aksentuasie van die teoretiese en die stroom na die praktiese 246
4. Uitsakking deur die middelbare skool en die verband met die universiteit 251

AEDELING C: VERDERE MOONTLIKHEDE ONDERSOEK EN BELIG (LESSE UIT DIE BUITELAND).. 254

Hoofstuk VIII: Algemene Toeligting van die Onderwysstelsels in die Buiteland 255

1. Bronne, en die Prosedure en algemene strekking

van die ondersoek	255
2. Bree uiteensetting van die buitelandse skoolstelsels, met voorbeelde toegelig	258
3. Die gegewens van die ondersoek na die middelbare onderwys in Holland, Duitsland, Denemarke, Engeland en die V.S.A. (Algemene Beskouing)...	262
4. Leerplan- en eksamenvereistes in die Amerikaanse Hoërskole	271
5. Die middelbare skoolleerplanne en eksamenvereistes in die Europese stelsels	276
6. Die reperkussies van die eksamenresultaat in die ondersoekte stelsels	288

Hoofstuk IX: Vreemde-taalonderwys, en Duits as vreemde taal in die buitelandse skoolstelsels.... 292

1. Die plek en organisasie van vreemde-taalonderwys in die buiteland, met spesiale verwysing na die onderwys van Duits as vreemde taal.....	292
2. Die leerplan-en eksamenvereistes vir Duits en ander vreemde tale in die hoërskole op die Europese vasteland	297
3. Die leerplan- en eksamenvereistes vir Duits en ander vreemde tale in die Amerikaanse hoërskole	301
4. Eksamenvereistes vir Duits as vreemde taal in Engeland	306
5. Leerplanvoorsiëning vir Duits-onderwys in Engeland.....	314
6. Samevatting van enige feite van belang in verband met die oorsese stelsels	316

AFDELING D: KRITIESE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS..... 319

Hoofstuk X: Aanpassing en Reorganisasie in ons Middelbare Onderwysstelsel as 'n voorvereiste vir Hervormings in die onderwys van Skoolvakke. 320

1. Die wyere agtergrond en die probleem van reorganisasie	320
2. Middelbare onderwys in Suid-Afrika 'n slagoffer van sy eie tradisies	320
3. Die breek grondslae vir reorganisasie	335
4. Praktiese oorwegings in verband met 'n voorgestelde reorganisasie-skema vir ons Suid-Afrikaanse omstandighede	337
5. Die reorganisasie-skema na ons behoeftes.....	344
6. Algemene opmerkings in verband met die praktiese uitvoerbaarheid van die voorgestelde skema.....	353
7. Verdere implikasies	356

<u>Hoofstuk XI: Die Plek van Vreemde-taalonderwys binne die Raamwerk van 'n rekbaarder Stelsel.....</u>	358
1. Agtergrond van die voorgestelde skemas	358
2. Minimum verpligting en gedifferensieerde kur- susse vir vreemde-taalstudie	362
3. Implikasies met betrekking tot leerplanvoor- siening vir die stelsel van gedifferensieerde vreemdetaalonderwys.....	364
<u>Hoofstuk XII: Die Ideaal met betrekking tot die Leer- plan vir Duits as derde Taal</u>	365
1. Die uitgangspunt van die gedifferensieerde leerplanne vir Duits	365
2. Konsep-leerplanne vir Duits as derde taal.....	368
3. Toeligting en verduideliking van die algemene gees en strekking van die leerplan.....	376
4. Verdediging van die voorgestelde leerplanne in verband met die verskillende afdelings van die werk.....	379
(a) Beperking van die grammatikale studies....	379
(b) Verruiming van die passiewe begripsvermoëEkstensiewe en intensiewe lees.....	382
(c) Verdere leerplan-oorwegings in verband met die inskerping van die begripsvermoë.....	384
(d) Fonetiese tekens en korrekte uitspraak....	386
(e) "Kulturkunde"	388
(f) Mondelinge werk	390
(g) Skriftelike werk in die Gimnasium.....	390
5. Moontlikhede vir 'n tydelike aanpassing van die skemas by die huidige stelsel	391
<u>Hoofstuk XIII: Slotbeskouing.....</u>	394
1. Kontouer van die gedekte veld	394
(a) Omlýning	394
(b) Verruiming van die enge grondslae in ons algemene stelsel	394
(c) Verruimende grondslae vir die reorganisa- sie van ons Duits-onderwys	396
2. Die onopgeloste vraagstukke	399
.....	
<u>Bylae A: Uittreksels uit Vraelys aan Duits- onderwysers in Suid-Afrika</u>	401
<u>Bylae B: Leerplanne vir Duits (Volledig).....</u>	402
I. Kaapse Seniorsertifikaat	402
II. Vrystaatse Skooleindsertifikaat.....	403
III. Nasionale Seniorsertifikaat	405
IV. Matrikulasie-eksamen	405
V. Transvaalse Eindsertifikaat.....	408
VI. Kaapse Juniorsertifikaat.....	409
VII. Vrystaatse Juniorsertifikaat.....	411
VIII. J.S. van die Universiteit van Suid-Afrika.	412
IX. Nasionale Juniorsertifikaat.....	413
X. Transvaalse Juniorsertifikaat.....	413

<u>Bylae C:</u> Oorsese Vraelys en Antwoorde	417
I. Vraagbrief aan Onderwysers vir Duits in ander lande	417
II. Beantwoording uit Duitsland vir ander vreemde tale (Studienrat Hans Gransow).....	419
III. Beantwoording uit die V.S.A. (Mnr. Eugene C. Alder)	423
IV. Uittreksels uit brief van die "Joint Com- mittee of the Four Secondary Associations" (Engeland).....	428
V. Uittreksels uit Antwoorde op 'n paar vrae soos verstrek deur Mnr.G.Worsley van die "Whitley Bay Grammar School" (Engeland)....	429
VI. Uittreksels uit brief van Lektor Fru Møller van Swendborg, Denemarke	432
VII. Uittreksels uit brief van Dr.J.Akkerman van Apeldoorn, Nederland	434
 <u>Bylae D:</u> Voorbeelde van Duits-leerplanne vir Engelse "Grammar Schools"	 436
 <u>Bylae E:</u> Woorde in Vertalingsvrae wat as aanleiding gedien het tot die inskrywings vir Tabel III..	 443
 <u>Bylae F:</u> O.V.S. Juniorsertifikaat-eksamen: Duits,1949..	 446
 B I B L I O G R A F I E	 449

LYS TABELLE.

Tabel I: Uitsakking deur die Middelbare Skool tot by die Universiteit	<u>Bl.</u> 58
Tabel II: Persentasie-basisse vir Puntetoekenning aan die verskillende Afdelings van die werk in Duits in Openbare Eksamens	131
Tabel III: Persentasie en getal woorde met lae verskyningskrediete in stukke vir Vertalings in Duits met 'n gemiddelde van hoogstens 4.5 woorde per punt.....	208
Tabel IV: Moontlike gemiddelde persentasies verbeurbare punte op die getal woorde met lae veelvuldigheds-indekse volgens Tabel III, bereken op 'n waarskynlike penaliseringbasis van minus een punt per fout	209
Tabel V: Punteverspreiding in eksamenvrae oor Taalkunde-afdeling onder bepaalde hoofde tuisgebring	222
Tabel VI: Vergelykende syfers en persentasies vir getal kandidate in Duits in openbare eksamens	240
Tabel VII: Persentasie leerlinge wat Duits en ander vakke bestudeer het, 1938 en 1947.....	241
Tabel VIII: Aantal keusevakke teenoor Duits vir verskillende provinsies en graad skole, 1944...	244
Tabel IX: Keusevakke teenoor Duits, 1944.....	245
Tabel X: Gemiddelde aantal Duits-leerlinge per klas vir afsonderlike skole, 1944	249
Tabel XI: Uitsakking van Duits-leerlinge deur die middelbare skool, en die verband met die Universiteit	252
Tabel XII: "Leerplan voor H.B.S. A en B" volgens die Nederlandse Staatsverordeninge vir Onderwys	280
Tabel XIII: Voorgestelde kursusse, vakke, en aantal periodes per vak per week vir die Senior- of Skooleindsertifikaat (16-17jaar)	349

INLEIDING EN PROBLEEM-OMSKRYWING.

1. Veldsverruiming by 'n voortgesette navorsing.

(a) Vir die omskrywing van 'n navorsingsprobleem wat in 'n noue verband met die kwessie van opvoedkundige waardes staan, sal daar 'n standpunt gevind moet word wat in die eerste plek van die Teoretiese Opvoedkunde sal uitgaan, en die teoretiese verband met die praktyk sal bewaar. Wanneer daar na 'n oplossing vir die vele vraagstukke in verband met die leerplansamestelling gesoek word, het ons ondermeer te doen met so 'n probleem wat, hoewel prakties van aard, baie diep in die Teoretiese Opvoedkunde gewortel is, omdat dit ons terugvoer na die probleem van opvoedkundige waardes en die wese van die opvoeding as sodanig. Hierby moet die laasgenoemde begrip in die ruimste moontlike sin interpreteer word, omdat die wese van die opvoeding volgens 'n bekende opvoedkundige in Suid-Afrika deur die volgende wyd-omvattende faktore bepaal word¹:

die uitgangspunt van die opvoeding, dit is die kind self;

die doelpunt - dit is die "waartoe" of "waarheen" - van die opvoeding;

die metode van die opvoeding, dit is die weg wat van die uitgangspunt na die doelpunt lei, en waaronder inbegryp moet word:

die "wat" van die opvoeding (leerstof of leerplan), en die "hoe" van die opvoeding (onderwysmetode).

Hieruit volg duidelik dat daar by die benadering van alle probleme rakende die kwessie van leerplansamestelling, en by alle ondersoekinge wat met laasgenoemde in verband staan, ook die regte perspektief aan die dag gelê moet word in verband met die behoeftes van die kinderlewe enersyds, en die begrip van die eindbestemming of doelpunt van die opvoedingsproses andersyds, want alleen dán sal die beste weg wat van die uitgangspunt na die doelpunt lei, vir ons leerplanne gevind kan word. Die verskillende vakke in die leerplan moet dan tussen hierdie uitgangspunt en doelpunt staan, en vorm afsonderlik geen doel op hulself nie, maar moet bloot as die middele vir die berei-

1. Coetzee: "Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding", 13, 18, 25, 28.

king van 'n doel gesien word, en as die verskillende skakels in die groter geheel van die algemene stelsel, wat die uitgangspunt en die doelpunt as 'n eenheid moet benader deur die kind te sien in die lig van sy eindbestemming as mens vir sy stoflike en bostoflike bestaan. Ons staan hier dus voor een van die grootste probleme van die opvoedkunde - 'n probleem wat na sy wese veel meer behels as die voorskryf van ses leerplanne vir ses verskillende vakke waarin die leerlinge 'n eksamen moet aflê om die eindsertifikaat te verwerf, 'n probleem wat met die grootste eerbied en versigtigheid benader moet word omdat ons hier geen geringer faktor as mensevorming op die spel sien nie. Dit geld nie alleen die leerplanvoorsiening in die algemeen nie, maar ook dié vir elke afsonderlike vak as 'n doelmatige skakel in die algemene opvoedingsproses.

(b) Aan ons Suid-Afrikaanse middelbare skole word daar derde tale doseer waaronder Duits die mees algemene keuse kan blyk. In 1945 het die skrywer reeds volledig ingegaan op die kwessie van die "Aksentuasie in die Doelstelling i.v.m. die Onderwys van Duits as derde taal aan ons Suid-Afrikaanse Skole"¹ wat as 'n inleiding tot voortgesette navorsings in verband met die leerplanne en onderwysmetodes moes dien². Van die laasgenoemde gesigspunte van die onderwys van die vak geld die onderwysmetodes die suiwere vakbelang, terwyl die leerplan-aangeleentheid veel meer van algemene belang is omdat dit in die lig van bostaande beskouings nie van die algemene stelsel van middelbare onderwys geïsoleer kan word nie. Wanneer daar dan soms die beskuldiging teen 'n derde taal soos Duits ingebring word dat dit die "dooie hout" in ons middelbare skoolleerplanne vorm en vir die meer praktiese vakke soos die Bantoetale plek be-

1. Fourie - soos aangehaal (M.Ed. - verhandeling).

2. Ibid. bls. 5.

hoort te maak¹, dan gaan so 'n beskuldiging ook veel dieper as 'n bloot-oppervlakkige verwysing na die leerplan-aangeleentheid vir Duits-onderwys op skool. Dit is hierdie belangrike gesigspunt wat ons daartoe noop om die leerplan-aangeleentheid vir Duits teen die breëre agtergrond van ons algemene stelsel van middelbare onderwys te sien, en die onderhawige navorsingsprobleem in 'n ruimere sin te formuleer as: "Ons Middelbare Skoolstelsel en die Aksentuasie in die Leerplan-inhoud vir Duits as derde Taal".

2. Noodsaaklikheid van die ondersoekinge teen 'n historiese agtergrond gesien.

(a) Die algemene veld van die middelbare onderwys: Vir sover die probleme in verband met die leerplansamestelling vir Duits ook beter begryp kan word teen die agtergrond van 'n historiese verlede, sal dit nodig wees om, by wyse van 'n historiese inleiding, die strominge in die geskiedenis van die middelbare onderwys in Suid-Afrika en in die ontwikkeling van die leerplan vir die middelbare skool na te spoor; want aangesien dit nog veelal gebruiklik was in die verlede om die geskiedenis van die middelbare onderwys as 'n deel van die wyere onderwysgeskiedenis vir die verskillende provinsies afsonderlik te behandel², ontbreek dit ons nog in 'n sekere mate aan 'n geheelbeeld van die rigting-ontwikkeling van die middelbare onderwys waarteen die probleme in verband met die onderwys van die skoolvakke duideliker gesien en interpreteer kan word. Waar die vraagstuk van die reorganisasie van die middelbare onderwys vandag ook in die brandpunt van die aandag en belangstelling van onderwysmanne in Suid-Afrika gekom het, en moontlike veranderinge

1. a. "Die Skoolblad", 8 Jan. 1948, bls. 3.

b. Vergelyk ook: "Die Volksblad", 8 Maart 1948 verslag van die getuënis van die Vrystaatse Onderwysersvereniging voor die C.V.S. Kommissie van Onderzoek (Onderwyskommissie).

2. Vergelyk byvoorbeeld die standaardwerke van Malherbe, Du Toit, Lugtenburg, Coetzee, en Steenkamp (Sien Bibliografie).

voor die deur staan na die gees van die aanbevelings wat in periodieke kommissieverslae vervat is, waaronder veral die 1949-verslag van die De Villiers-kommissie in sake Tegnieese en Be-roepsonderwys wat tans landswyde aandag geniet, sal daar ook 'n duidelike standpunt ingeneem moet word met betrekking tot hierdie opvoedkundige vraagstuk wat noodwendig die onderwys van die skoolvakke moet beïnvloed.

Van belang is ook die feit dat die probleem van die reorganisasie van die middelbare onderwys vandag groot aandag in die buiteland geniet waarheen Suid-Afrika sy blik kan verruim. In Engeland het daar sedert 1926 drie belangrike verslae verskyn wat hoofsaaklik oor hierdie saak handel, naamlik die Hadow-verslag ("The Education of the Adolescent") in 1926, die Spens-verslag ("Report on Secondary Education") in 1938, en die Norwood-verslag (Curriculum and Examinations in Secondary Schools") in 1943. In Amerika was daar sedert 1933 die groot-skaalse agtjarige proefneming van die sogenaamde "Progressive Education Association" (P.E.A.) waardeur "Dertig Amerikaanse Versoekskole", algemeen bekend as "The Thirty Unshackled Schools", volgens 'n ooreenkoms met ongeveer 300 universiteite en kolleges vrygestel is om hul eie leerplanne op te stel en hul eie eksamens af te neem vir universiteits-keuring 'n proefneming wat sulke gunstige resultate afgewerp het, dat dit in die volgende jare sy stempel op die Amerikaanse middelbare onderwysstelsel sou afdruk¹. Ook in 'n landjie soos Nu-Seeland word daar tans 'n groot eksperiment in die middelbare onderwys uitgevoer². Daarenteen kon die De Villiers-kommissie bevind dat daar, ten spyte van die vele aanbevelings en kritiek in verband met ons middelbare onderwys in Suid-Afrika, tot dusver

1. Vergelyk: (a) Taute: "Opvoedende Onderwys", 238 - 240;
(b) "Die Unie", Julie, Sept., Okt. en Nov. 1938;
(c) "Die Unie", 1 Junie 1943.

2. Vergelyk artikel van Dr. J.G. Meiring in "Die Huisge-noot" van 1 Julie 1949.

nog nie veel tereggekóm het van die behoefte aan die reorganisasie van ons middelbare onderwys nie¹. Waar dit gevolglik wil voorkom of ons in Suid-Afrika nog op die spreekwoordelike streep moet begin, sal dit ook lonend wees om kennis te neem van die wyse waarop sommige van die ouere kultuurlande die vraagstukke van hul middelbare onderwys probeer oplos het, sodat 'n ondersoek na die buitelandse stelsels 'n belangrike deel van hierdie navorsing sal vorm.

(b) Die besondere veld in verband met die onderwys van Duits: Hoewel daar toegegee word in die De Villiers-verslag dat daar moontlik reeds sporadiese enkeling-pogings tot reorganisasie in een of ander besondere veld kon voorgekom het², bied 'n vergelyking van die algemene geesteshouding in sake die benadering van die probleme in verband met die vreemde-taalonderwys in Suid-Afrika en die buiteland egter veel stof tot nadenking, want waar 'n mens dadelik getref word deur die wêreldwye aandag en belangstelling wat hierdie saak vandag in die buiteland geniet, vind ons in Suid-Afrika nog so 'n byna algehele gees van berusting in die bedeling van vervloë tye, dat daar in die jongste werk wat na lig soek, gewys kon word op die noue ooreenkoms tussen sommige van ons huidige leerplanne vir Duits en dié wat voor 1910 dateer!³ Veral sedert die verskyning van Viëtor se beroemde pamflet, "Der Sprachunterricht muss umkehren", in 1882, het daar in die oorsese lande 'n algemene verset teen die destydse metodes van vreemde-taalonderwys gekom; en sedertdien is die saak so ywerig ondersoek, dat daar in 1928 reeds 'n lang lys publikasies in verband met die vreemde-taalonderwys in Buchanan en MacPhee se bekende bibliografie aangegee kon word⁴.

1. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroeps-
onderwys (De Villiers-verslag), par. 2014.

2. Ibid.

3. De Jager: "'n Kritiese Ondersoek na die Leerplanne en
Leerboeke vir Duits op die Suid-Afrikaanse skole" (M.Ed.-
verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1946)bl. 1.

4. Buchanan en MacPhee: "An Annotated Bibliography of
Modern Language Methodology".

Hierdie nuwe beweging wat hom veral vir 'n natuurliker metode van vreemde-taalonderwys beywer, het aanvanklik die grootste aanhang in Duitsland en Skandinawië geniet, en teen die begin van die huidige eeu ook in Engeland, Amerika, en ander lande. In verskillende lande is daar reeds van staatsweë en/of andersins 'n wye en georganiseerde veldtog geloods om die kwessie van vreemde-taalonderwys wetenskaplik te ondersoek en die resultate bekend te stel. So kan daar onder meer verwys word na die werk van die "Committee of Twelve of the Modern Language Association" in Amerika (1896-8); die monumentale werk van die "American and Canadian Committees on Modern Languages" (1925) wat die vreemde-taalonderwys in Amerika op 'n nasionale en wetenskaplike grondslag ondersoek het, en van 1927 tot 1932 die resultate van hul ondersoek bekend gestel het in hul 17 bekende publikasies; en die werk van die "Incorporated Association of Assistant Masters in Secondary Schools" in Engeland, wat in 1929 hul "Memorandum on the Teaching of Modern Languages" uitgegee. Sedert die dertigerjare is daar in Amerika 'n massa eksperimentele bevindings wêreldkundig gemask deur die werke van Bagster-Collins ("Studies in Modern Language Teaching", 1930), Henmon ("Achievement Tests in the Modern Foreign Languages", 1930), Fife ("A Summary of Reports on the Modern Foreign Languages", 1931), Coleman ("Experiments and Studies in Modern Language Teaching" 1934) en andere¹, terwyl die veldtog vir die versameling en bekendstelling van eksperimentele gegewens in verband met die vreemde-taalonderwys vandag nog verder voortgesit word in 'n paar bekende Amerikaanse periodieke wat spesiaal aan hierdie pedagogiese vraagstuk gewy is, naamlik "The Modern Language Journal", "Modern Language Forum", "French Review", "German Quarterly", "Monatshefte für deutschen Unterricht" en "Hispania". Daarenteen is daar in Suid-Afrika nog baie weinig aandag aan hierdie vraagstuk gewy².

1. Sien Bibliografie.

2. Ibid.

Opvoedkundige waarnemers meen in die algemene geesteshou-
ding ten opsigte van opvoedkundige vraagstukke in Suid-Afrika
'n onrusbarende mate van konserwatisme te ontdek, 'n soort heime-
like vrees om te ver van die tradisionele paaie af te wyk¹.
Voeg hierby ook die feit dat Suid-Afrika sedert 1892 onder Tho-
mas Muir 'n onderwysstelsel ontwikkel het wat in "Die Unie" van
Augustus 1915 as 'n intellektualisme sonder siel en sonder lig-
gaan bestempel is², 'n stelsel met vaste reëls, onrekbare leer-
planne en harde eksamenvereistes wat gaandeweg deur die algemene
publiek en in onderwyskringe as 'n voldonge feit aanvaar is,
en 'n mens kan nie help om krities te staan teenoor 'n onlangse
opmerking van 'n gesiene Suid-Afrikaanse onderwysman³ dat hy nog
nooit oor die vraag aangaande die geskiktheid van ons leerplan-
ne vir Duits nagedink het nie, omdat hy op grond van die feit
dat daar nog nooit klagtes verneem is nie, moet aanneem dat
daar allerweë bevrediging bestaan. Met ons snel-veranderde
lewensomstandighede in Suid-Afrika en die steeds groeiende be-
hoefte aan middelbare onderwys, kan daar egter nie sonder meer
aangeneem word dat ons huidige leerplanne vir Duits nog die
nodige vertroue geniet sonder dat die saak op 'n wetenskaplike
grondslag ondersoek is nie. De Jager noem byvoorbeeld die ge-
val van die algehele uitskakeling van die opstel en die instel-
ling van die begripstoets in die leerplan vir die matrikulasie-
eksamen, wat ongeveer dieselfde tyd plaasgevind het toe Kaap-
land weer die begripstoets afgeskaf en die punte vir die opstel
tot 60 uit 300 verhoog het, en wys in hierdie verband op die
groot verskille in ons provinsiale leerplanne wat betref die be-
klemtoning van die verskillende dele van die werk sonder dat
daar enige gronde voor bestaan, welke ongerymdhede die aandag

1. Vergelyk onder meer Prof. J.F. Burger oor "'n Uitdaging
aan ons Hoërskole" in "Die Huisgenoot" van 19 Nov. 1948.

2. Aangehaal deur Smuts: "The Education of Adolescents in
South Africa", bl. 24.

3. Soos aangehaal deur De Jager: "'n Kritiese Onderzoek na
die Leerplanne en Leerboeke vir Duits op die Suid-
Afrikaanse skole", 1.

dan pertinent moet vestig op die wenslikheid om die probleem van leerplansamestelling op 'n wetenskaplike grondslag te ondersoek en die resultate ter beskikking van die onderskeie eksaminerende liggame te stel¹. In sy verhandeling doen De Jager 'n konsep-leerplan vir Duits aan die hand wat volgens sy getuienis hoofsaaklik op sekere bespreekte beginsels en op wat hy in die onderwyspraktyke waargeneem het, gebaseer is². Wat 'n mens in hierdie voorgestelde leerplan tref, is die feit dat dit geen ingrypende veranderings in ons huidige stelsel van leerplanvoorsiening beoog nie, omdat dit nog met die algemeen-aanvaarde standpunt volhard dat ons leerlinge die vreemde taal moet leer skryf en praat³. By die huldiging van hierdie standpunt mag ons wel ten dele of ten volle gelyk hê, maar dan moet ons daarby ook die feit bedink dat dit nog nooit deur ondersoekinge vasgestel is dat hierdie praktyke vandag nog aan die vereistes van 'n gesonde doelstelling vir ons besondere landsomstandighede in Suid-Afrika beantwoord nie. Die skrywer kan hom hier slegs op sy vroeëre bevindinge in verband met die doelstelling vir die onderwys van Duits as derde taal beroep⁴ wat in menige opsig die teendeel bevestig het⁵. Waar de Jager in sy meer beperkte magisters-navorsing wat slegs ten dele aan die leerplan-aangeleentheid vir Duits gewy is, ook sy onderwerp van ons algemene stelsel van middelbare onderwys moes isoleer, en origins die taak om ag te slaan op die moontlike lesse wat daar vir ons uit die stelsels van die ouere kultuurlande te leer mag wees, aan latere navorsers oorgelaat het, bly daar vir ons nog die taak oor om op hierdie reeds begonne werk verder voort te bou en die ganse leerplan-aangeleentheid vir Duits te ondersoek teen die

1. De Jager: " 'n Kritiese Onderzoek na die Leerplanne en Leerboeke vir Duits op die Suid-Afrikaanse skole", 128-9.

2. Ibid., 45, 71.

3. Ibid., 45.

4. Die 1945-verhandeling van die skrywer (Sien Bibliografie)

5. Sien Hoofstuk IV.

agtergrond van -

- (i) 'n gesonde doelstelling vir die onderwys van Duits as derde taal aan die Suid-Afrikaanse kind blykens die vroeëre gekontroleerde bevindings van die skrywer;
- (ii) ons middelbare onderwysstelsel in die algemeen; en
- (iii) die algemeen-gangbare praktyke in die buiteland.

3. Aard, Strekking en Omvang van ondersoekinge in spesifieke terme gestel.

(a) Opsommenderwys en in spesifieke terme gestel, sou die beoogde doel en metodes van hierdie navorsing as volg saamgevat kon word: Die doel is

- (i) om die strominge in verband met die geskiedenis van die middelbare onderwys en die leerplan-ontwikkeling vir die middelbare skool in Suid-Afrika na te spoor, en die ontwikkeling van die onderwys van Duits in hierdie stelsel van middelbare onderwys aan te toon ten einde die agtergrond daar te stel waarteen die probleme in verband met die leerplan vir Duits as derde taal histories verklaar kan word (Afdeling A, Hoofstuk 1-III);
- (ii) om - by wyse van 'n saaklike samevatting en verdere toeligting van die bevindings in verband met 'n onlangse navorsing van die skrywer na die doelstelling vir die onderwys van Duits as derde taal aan ons Suid-Afrikaanse skole -- 'n suiwer uitspraak in sake die doelstelling te vind wat al ons praktyke in verband met die onderwys van dié taal moet rig (Afdeling A, Hoofstuk IV);
- (iii) om ons huidige leerplanne vir Duits en die eksamenvraestelle van die verskillende eksaminerende liggame aan vooropgestelde norme en objektiewe maatstawwe te toets, die eksamenmetodes en -tegnieke te ondersoek, en (om) by wyse van insage in onderwys-statistieke en periodieke navrae by die verskillende eksaminerende liggame en die Nasionale Buro vir Maatskaplike en Opvoedkundige Navorsing, in besit te kom van gegewens wat lig moet werp op die kwessie van lewensvatbaarheid, die verband van die middelbare skool met die universiteit, en ander vraagstukke wat met hierdie navorsingsprobleem in verband staan en die leerplan-aangeleentheid vir Duits as derde taal verder kan verklaar (Afdeling B, Hoofstukke V-VII);
- (iv) om by wyse van 'n studie van insiggewende werke, verslae en memoranda uit die buiteland en 'n vraagbrief aan gekeurde onderwysers vir Duits as vreemde taal in ander lande, die algemene onderwysstelsels in die buiteland en die leerplanne en eksamentegnieke en -standaarde vir Duits (Engels, Frans) as vreemde taal in 'n paar van die ouere kultuurlande te ondersoek, met die oog op sodanige lesse wat daar ook al vir Suid-Afrika uit hierdie stelsels te leer mag wees (Afdeling C, Hoofstukke VIII en IX);
- (v) om ons algemene stelsel van middelbare onderwys (leerplan- en eksamen-aangeleentheid) waarteen al die genoem-

de praktyke in verband met Duits as derde taal gesien moet word, krities te benader, met die buitelandse stelsels te vergelyk, en 'n duidelike standpunt teenoor die ideaal vir die middelbare onderwys in Suid-Afrika in te neem, 'n voorgestelde skema prakties toe te lig, en die plek van vreemde-taalonderwys in die algemeen en Duits-onderwys in die besonder aan te toon (Afdeling D, Hoofstukke X en XI);

- (vi) om die logiese konsekwensies van al die voorgaande bevindings in oënskou te neem in verband met die voorgestelde ideaal van 'n werkprogram vir Duits as derde taal (Hoofstuk XII).

(b) Na die mate waarin hierdie probleem ook empiries van aard is, blyk die navorsingsmetodes reeds duidelik uit voorgaande taakomskrywing. Dis ook van belang om verder te noem dat sommige gegewens van die 1944-vraelysonderzoek¹ hier weereens ter sprake sal kom, nie alleen in die verwysing na die destydse bevindings in verband met die doelstelling² nie, maar ook in 'n paar ander gevalle waar dit nodig gevind mag word om van die inligting van die Suid-Afrikaanse onderwysers gebruik te maak³.

As daar in hierdie navorsingswerk gevind mag word dat daar nog 'n onsekerheid, 'n rondtasting in die duister en dwaalweë in verband met die probleem van die aksentuasie van waardes in die onderwys van Duits as derde taal in ons land bestaan, dan is hierdie verhandeling ook bedoel as 'n poging om moontlike wanopvattings uit die weg te ruim en 'n duideliker rigting aan te wys.

1. Sien Fourie: "Aksentuasie in die Doelstelling i.v.m. die Onderwys van Duits as derde Taal aan ons Swid-Afrikaanse Skole", 34-38.

2. Sien Hoofstuk IV.

3. Sien Bylae A.